

Universiteit van Pretoria

**OPLEIDING IN INGENIEURSWESE:  
IDEAAL EN WERKLIKHED**

**PROF J.A.G. MALHERBE**





# OPLEIDING IN INGENIEURSWESE: IDEAAL EN WERKLIKHEID

## I. INLEIDING

Alhoewel daar in die titel van hierdie lesing nie onderskeid getref word tussen die verskillende dissiplines in Ingenieurswese nie, word dit aanvaar dat wat gesê word, hoofsaaklik betrekking het op die Elektroniese Ingenieurswese. Tot 'n meerdere of mindere mate mag die meeste van die inhoud van die lesing egter ook waar wees vir al die ingenieursdissiplines. Stellings wat hier in die algemeen gemaak word oor Universiteite, is eintlik net bedoel om te geld vir Elektroniese en Rekenaaringenieurswese.

Die inhoud van hierdie lesing is gemik daarop om vrae te vra en bespreking te stimuleer, en moet nie as dogma gesien word nie.

Ter inleiding word enkele agtergrondstandpunte aangaande die doel en aard van die opleiding gestel. Die Universiteit is 'n akademiese instansie met die funksie van

Die verskaffing van akademiese opleiding in 'n bepaalde wetenskaplike rigting:

\* die oordra van kennis

Die ontwikkeling van nuwe kennis en wetenskaplike metodes deur die doen van navorsing:

\* die skep van nuwe kennis.

Die kennis wat hier ter sake is, is nie net die feite in die eng sin van die woord nie (dit vanselfsprekend, onder andere), maar die denkprosesse en redenasies wat eie is aan 'n bepaalde vakgebied. In hierdie geval, Elektroniese Ingenieurswese. Nie 'n tegniese of tegnologiese opleiding nie, maar 'n akademiese dissipline.

Alhoewel dit 'n akademiese dissipline is, is ingenieurswese as studierigting beroepsgerig, en moet die opvoeders sekere realiteite betreffende die profesie in gedagte hou, sonder dat die profesie aan die akademie voorskryf. In die sin van hierdie lesing is ingenieurs die produk van die universiteit, terwyl die profesie 'n versameling van verbruikers is. Elkeen van die verbruikers het sy eie behoefte, en volgens wat hy as belangrik identifiseer, spesifiseer hy wat hy dink noodsaaklik is.

As profesie is Ingenieurswese van hoogs uiteenlopende aard; die opleiding in ingenieurswese is byvoorbeeld in tien Departemente verdeel binne die Universiteit van Pretoria se Fakulteit Ingenieurswese. In die Elektroniese, Elektriese en Rekenaaringenieurswese verdeel die Institute of Electrical and Elec-



tronics Engineers (IEEE) die dissipline in meer as dertig vakgebiede. Hierin is daar weer aktiwiteite soos navorsing en ontwikkeling, ontwerp, beplanning, toets, vervaardiging, kwaliteitsbeheer, bemaking, verkope, instandhouding, bestuur, ens. Dit is gevolglik vanselfsprekend dat daar 'n hoogs uiteenlopende siening van wat die akademie moet oplei, in die professie bestaan, en inderdaad ook 'n hoogs uiteenlopende behoefte. Geen beperkte aantal kursusse kan al hierdie behoeftes bevredig nie. Hierby moet die geweldige tempo van tegnologiese ontwikkeling gevoeg word om te begin om 'n begrip te kry van die moeilike taak van die akademie om 'n universele kursus in elektroniese ingenieurswese saam te stel. Vanuit die bedryf kan die kritiek dat die Universiteite leerplanne saamstel wat nie aan hulle spesifikasies voldoen nie, eintlik ver wag word. Daar mag gevoel word dat daar meer tegnologie in kursusse ingesluit moet word, of dat daar te veel aandag geskenk word aan hierdie of daardie aspek van die teorie, wat nie as nodig beskou word nie. Die gegradueerde ingenieur moet egter nie gesien word as 'n eenvoudige produk wat aan 'n enkele spesifikasie moet voldoen nie, maar as die mees gesofistikeerde stelsel, wat 'n behoefte moet bevredig. Die Universiteit lewer 'n produk wat die toppunt van veeldoeligheid moet wees; die pasgegr adueerde moet van instandhouding tot navorsing kan doen, van beheerstelsels tot seinprosessering.

Met die toename in kennis en die vaste tydperk van opleiding, het dit noodsaaklik geword dat daar op die beginsels gekonsentreer word, en sal dit al hoe meer so word. Soos die tegnologie meer gesofistikeerd word, moet studente meer en meer van hul tyd wy aan die studie van teorie; dit laat hom toe om meer buigbaar te wees.

Om hierdie taak behoorlik te kan vervul, word 'n groep mense benodig wat besondere kwalifikasies het: 'n diepe kennis van hul vakgebiede, 'n wye kennis van die bedryf, bedrewenheid met die mees snel veranderende tegnologie, navorsers, professionele konsultante, uitnemende opvoeders.

Die akademiese aard van die kursus, en die basiese inhoud van die vakke sal verder as aksiomaties aanvaar word.

## II. DIE IDEEAAL

### Opleiding

Populêrweg word gesê dat ingenieurs word geleer of moet geleer word om probleme op te los. Ek verskil hiervan, en wil die mikpunt van die opleiding as die volgende stel:

- \*om te leer hoe om probleme te formuleer
- \*om te leer hoe om onlogies te dink
- \*om te leer hoe om besluite te neem.



In inverse volgorde geneem, kan gesê word dat in baie gevalle is die implementering van die oplossing van 'n probleem, nadat dit eers aangedui is, relatief maklik. Op 'n hoër vlak moet 'n oplossing uit 'n formulering verkry word. Om te leer hoe om probleme te formuleer eerder as op te los, is die werklike innoverende proses, die funksie van 'n leier.

Logiese denke is noodsaaklik, maar in 'n toegepaste dissipline soos ingenieurswese, is daar iets meer nodig: die vermoë om terug te staan en die implikasies van 'n verskeidenheid van moontlike keuses te ondersoek, sowel as om nuwe moontlikhede te bedink. In 'n stelsel van vergelykings met ewe veel onbekendes as gegewens, is slegs logiese denke nodig om 'n antwoord te kry. In die geval waar daar te veel gegewens is, bestaan die proses uit die ondersoek van die gedefinieerde moontlike oplossings deur die selektiewe weglating van gegewens. Met 'n oorskot van veranderlikes word die probleem 'n skeppende uitdaging: jy moet jou verbeeldingskrag gebruik.

In die praktyk is die moeilike probleme die waarin daar te min gegewens beskikbaar is om 'n eenduidige oplossing te kry, en onder sulke omstandighede moet besluite geneem word. Die jong ingenieur bevind hom baie gou in 'n posisie waar ander na hom opsien vir raad, en die neem van besluite.

Aangesien alle tegniese kennis wat 'n ingenieur gedurende sy leeftyd gaan benodig, nie aan die begin van sy eerste graadkursus voorsien kan word nie, is 'n basiese vereiste van die kursus dat die ingenieur moet leer hoe om self te lees en te leer, sodat hy later sy opleiding kan voortsit. Van uiterste belang is ook dat die opleiding sodanig moet wees dat die gegraduateerde die regte agtergrond het om sonder heropleiding 'n akademiese pos te kan vul, sodat kontinuïteit in opleiding verseker word.

Dit is die verantwoordelikheid van die akademie om ook geografiese aspekte soos die plaaslike industrie, ekonomie, bevolkingsamestelling, ens. in ag te neem, sonder om die standaarde op internasionale vlak buite rekening te laat. Plaaslike gekwalifiseerde studente moet met gemak in die internasionale wêreld inpas, om die oordrag en uitruiling van kennis te verseker. Indien ons kursusse nie internasionaal aanvaarbaar is en kan kompeteer nie, staar ons akademiese bankrotskap in die gesig.

Die interaksie van die studente met die kursus, personeel en veral die metode van aanbieding is baie nou verwant, en gevolglik word hierdie aspek onder opleiding bespreek. Ideaal is die studente gemotiveerd, en stel belang in hul werk; die mees gemotiveerde studente doen leeswerk buite wat hulle as direkte opdrag ontvang. 'n Ondersoekende en kritiese uitkyk is ontwikkel. Hulle ondersoek stellings en is geneigd om te redeneer eerder as om te aanvaar. Na die eerste semester van die tweede jaargang druipe slegs enkele studente. Nagraadse studie is 'n prioriteit vir 'n groot aantal studente.

In die ideaal beantwoord die Universiteite aan die behoeftes van industrie deur genoeg geskoolde mannekrag te verskaf, wat toegerus is met die vermoëns wat die praktyk van hom verwag.



## **Personeel**

'n Suksesvolle departement moet beskik oor 'n groep hoogs opgeleide dosente, wat elkeen 'n kundige op die een of ander vakgebied is. Aangesien dit 'n akademiese instansie is, moet hulle bewys gelewer het van hulle kundigheid deur akademiese kwalifikasies te behaal. Om akademiese inteling te verhoed moet daar 'n groot persentasie van dosente wees wat van ander instansies grade het. Die dosente moet uitstekende leermeesters wees wat met toewyding aandag gee aan kursusse, praktika en studiemateriaal vir beide voor- en nagraadse kursusse. Dit is nie van primêre belang in watter spesifieke vakgebied die dosent 'n kundige is nie, maar dit word veronderstel dat hy of sy ten minste in die vakgebied waarin onderrig gegee word 'n kenner is.

Die effektiwiteit van die personeel word verhoog deur 'n effektiewe infrastruktuur van administrasie wat die maksimum van nie-akademiese werk doen, soos begrotings, statistiek, roosters, ens.

## **Navorsing**

As opleiding 'n aktiwiteit is wat met die huidige studente te doen het, kan navorsing beskou word as 'n aktiwiteit wat te doen het met die opleiding van die toekomstige geslag van studente. Om te verseker dat die dosent aan die voorpunt van die wetenskap staan, is dit 'n vereiste dat hy aktief betrokke moet wees in sy vakgebied. Hierdie aktiewe betrokkenheid moet deur middel van navorsing wees, wat beteken om krities en deurtastend te ondersoek, om nuwe feite te ontdek, om nuwe praktiese toepassings te ontwikkel.

Die resultate van navorsing word vir kritiek en evaluasie deur publikasie aan die internasionale gemeenskap voorgelê; hierdie proses van evaluasie verseker dat die breë wetenskaplike gemeenskap kennis neem van die navorsers se werk, en dat die status van die departement bekend is. Dit is verder noodsaaklik dat daar 'n navorsingsaktiwiteit in elke vakgebied moet wees, want dit is die jong navorsers wat voltyds aan hul nagraadse studies werk wat hul leermeesters as voorbeeld neem en aspireer om ook eendag akademici te word.

## **Professie**

Kontak met die professie is om verskeie redes noodsaaklik vir die ingenieursdosent. Dit verseker dat die dosent dienodige ondervinding het om goeie oordeel aan die dag te lê wanneer dit kom by die saamstel van leerplanne, terwyl die toegepaste aard van werk in die praktyk juis die essensie van die ingenieurswese is. Voorbeelde van goeie ingenieursprobleme, beperkinge soos in die wêreld met realiteit, sowel as interdisiplinêre aspekte kom van interaksie met die professie.

By professie word 'n hele reeks van aktiwiteite per definisie ingesluit, wat



strek vanaf spesialis-raadgewende werk en produk-ontwikkeling tot produk-gerigte of projeknavorsing. Die ideaal is dat hierdie aktiwiteite van gespesialiseerde aard is, om die hoë vlak van kundigheid van die dosente te benut. Oor die algemeen gaan hierdie aktiwiteite met besoldiging gepaard.

### **Fasiliteite**

Die universiteit beskik oor uitstekende fasiliteite wat betref toerusting in laboratoria, rekenars en biblioteekdienste.

## **III. DIE WERKLIKHEID**

### **Opleiding**

Die vlak van opleiding aan die UP se Departement Elektroniese en Rekenaar-ingenieurswese is van internasionale standaard. Van ons studente wat nagraadse studie gedoen het, en dosente op sabbatsverlof, het oor 'n tydperk van jare by oorsese universiteite soos die Ohio State University, Carnegie-Mellon en andere, 'n uitstekende naam vir oud-Pretorianers opegebou, tot so 'n mate so dat hulle al by verskeie geleenthede gevra het of ons nie nog nagraadse studente vir hulle het nie. Hierdie sentiment reflekteer op die kwaliteit van ons opleiding, waaruit ons kan aflei dat dit wel op standaard is. Dit is egter 'n ietwat verwronge beeld aangesien dit geskep word deur van ons mees begaafde studente.

Die kursus is uitstekend maar slegs ongeveer 37% van die wat graad kry, behaal die graad binne die voorgeskrewe vier jaar. Fig. 1 toon die aantal studente teenoor die tydsduur van studie. Tot onlangs was die kursusinhoud oorvol, en min studente het enige belangstelling in addisionele werk getoon om beter begrip of insig in hul vak te bekom of uit te styg. Studente het van toets tot toets studeer slegs om te slaag en nie om te begryp wat die betekenis van die vak is nie.

Studente het tans die benadering om die toets- en eksamineringstyl van die dosent te bestudeer en hulle daarvolgens vir eksamens voor te berei. In die proses word 'n studie gemaak en tot 'n kuns verfyn om die dosent te slaag eerder as die vak. Die deurwerk van ou vraestelle is simptome hiervan. Die student doen egter baie selde die moeite om vas te stel wat die korrekte metode was vir die beantwoording van die vrae. As die antwoord reg lyk, is hy tevrede.

Take en praktika word uitgevoer slegs sodat die student kan inleer en klaarkry; daar is nie tyd om iets uit die praktikum te leer nie. Omvattende argiewe van eksperimente bestaan en die student leer nie deur self oor die probleme te dink nie. Kyk hoe vroeg jy kan klaarkry om te gaan swot vir môre se toets.

Gelukkig vereis die verandering van 'n leerplan nie kapitaal nie, en kan dit teen relatief lae koste gedoen word (let wel dat hier net van die leerplan gepraat word). Aan die begin van 1988 is 'n nuwe leerplan in Elektroniese Ingenieurs-



wese ingestel wat radikaal afgewyk het van die vorige, deurdat die aantal kursusse verminder is tot vyf per semester, en die hoeveelheid kontaktyd verminder is met om en by een derde.

Die effek van hierdie veranderings is nog nie duidelik op studente sigbaar nie, waarskynlik hoofsaaklik omdat die metode van opleiding nog nie verander is nie.

Daar is te veel studente wat met onsekerheid oor hulle studies, en bowenal nie met die regte motivering nie, Universiteit toe kom. Baie studente studeer nog waar Pa of Ma gestudeer het, en nie op die basis van die beste kursus in 'n bepaalde rigting of 'n bekende akademikus nie.




FIG. 1. Aantal studente teenoor die tydsduur van studie in jare.



Die saksyfer onder veral eerstejaars is reeds by verskeie geleenthede en verskillende fora bespreek. Die saksyfer onder nie-eerstejaars is egter 'n probleem met ander oorsake wat aandag vereis.

Glad te min studente het 'n belangstelling in voltydse nagraadse studie, en die goeie studente word weggelok deur die profesie deur hoë salarisse. Daar is oënskynlik nie 'n toekoms in navorsing nie, en dit beteken dat ons assosiasies nie gevul kan word nie, en dat 'n kultuur van akademiese belangstelling nie gevestig word nie. Dit beteken op sy beurt dat die regte materiaal vir dosente nie getrek word nie.

Suid-Afrika ondervind 'n tekort aan geskoolde mannekrag, rofweg van die orde dat daar vir elke ingenieur twee poste bestaan. Die presiese omvang van die tekort is nie hier ter sake nie, slegs dat dit aansienlik is, en dat die tekort glad nie met die huidige stelsel bevredig kan word nie.

## **Personeel**

Die doserende personeel aan UP se Departement Elektroniese en Rekenaar-ingenieurswese is waarskynlik die hoogs opgeleide groep persone in die land. Die 21 personeellede beskik oor 16 doktorsgrade, waarvan ses oorsee en twee aan ander Suid-Afrikaanse universiteite behaal is. Van die 16 Magistergrade is drie oorsee en twee by ander plaaslike universiteite behaal; hierdie kwalifikasies word in Fig. 2 grafies voorgestel. Hierdie prestasie is bereik deur oor die laaste 10 jaar en meer, enersyds van die mees kundige mannekrag in Suid-Afrika te trek deur 'n geleentheid te skep vir die doserende personeel om deur toegepaste of projeknavorsing, hulle inkomste aan te vul, en van hulle ideale te verwesenlik; andersyds deur in die toekoms te belê deur belowende jong Suid-Afrikaners oorsee te stuur vir nagraadse opleiding.

Dit is moontlik gemaak deur die koördinasie en aktiwiteite van die Laboratorium vir Gevorderde Ingenieurswese (LGI). Hierin het die huidige Dekaan van die Fakulteit in sy vorige hoedanigheid as Departementshoof 'n unieke en leidende rol gespeel, en is wat bereik is tot 'n groot mate aan hom te danke.

Tans is die posisie bereik dat addisionele personeel nie aangestel kan word nie vanweë die tekort aan fondse; nuwe personeel nie getrek kan word nie, en bestaande personeel nie behou kan word nie vanweë die onrealistiese salarislakke aan universiteite. Die inkomste uit 'n universiteitsalaris het tot so 'n mate verswak dat toe daar onlangs 'n Lektoraat en 'n Senior Lektoraat adverteer is, daar slegs een aansoek om die Lektoraat was, en geen vir die Senior Lektoraat nie. 'n Pos van na-doktorale assosiaat kon nie op na-doktorale vlak gevul word nie, omdat daar geen aansoekers was nie.

Aldus die president van die Suid-Afrikaanse Raad vir Professionele Ingenieurs (SARPI),



“Teen hierdie agtergrond, moet die profesie se uiterste kommer gekonstateer word wat betref die voorsiening van opgeleide professionele ingenieurs en ander lede van daardie korps in voldoende getalle en aanvaarbaar goeie kwaliteit. Die heersende posisie word vererger as gevolg van die probleme wat ondervind word met die bemanning van universiteite en teknikons met akademiese personeel wat aan kwaliteitstandaarde voldoen”

Dit is interessant om daarop te let dat 'n jong ingenieur met 'n Magistergraad en twee jaar ondervinding met gemak meer in die privaatpraktyk kan verdien as sy leermeester met 20 jaar doseerondervinding, 'n doktorsgraad en 'n lang publikasielys.




FIG. 2. Kwalifikasies van personeel.



Ander voorbeelde word ter illustrasie gegee met die maksimumsalaris van 'n medeprofessor as eenheid geneem. Hiervoor is die minimumvereiste 'n doktorsgraad (4 tot 6 jaar na die B-graad). 'n Pakket van 2.0 eenhede word aangebied vir 'n ontwikkelingsingenieur (programmatuur) met drie tot vier jaar ondervinding, 28 jaar oud; 1.3 eenhede plus 'n motor plus winsdeling (8 jaar ondervinding); 2.0 eenhede vir 'n ingenieur met ondervinding in die ontwikkeling van logistieke stelsels, en met 5 jaar ondervinding.

Slegs anderhalwe tiksterspos en geen administratiewe poste word amptelik voorsien vir 'n departement van 24 dosente, drie navorsingsbeampstes en ses instruktors. Addisionele sekretariële dienste word deur die dosente uit hulle professionele aktiwiteite voorsien.

Voorgraadse fasiliteite is swak. Laboratoria is te klein, apparaat is oud en uitgedien, en daar is nie fondse vir nuwe apparaat nie. In verskeie gevalle moet die praktika-inhoud van 'n kursus aangepas word by die beskikbare apparaat. In een geval, byvoorbeeld, is vier stelle apparaat beskikbaar om vir vier eksperimente vir 90 studente te gebruik. In 'n akademiese semester van 14 weke, waarin eers na twee of drie weke met prakties begin kan word, beteken dit dat 360 eksperimente uitgevoer moet word terwyl daar slegs 44 apparaatmiddae beskikbaar is. Die resultaat is dat daar óf ongeveer agt studente per groep moet werk, of slegs vier per groep en elkeen doen net twee eksperimente. In van die nagraadse vakrigtings is daar egter uiters duur en gesofistikeerde apparaat beskikbaar deur die aktiwiteite van die personeel op professionele gebied.

Geen meganisme bestaan om uitnemendheid in onderrig te meet, aan te moedig of te beloon nie.

## Navorsing

Gemeet aan publikasies het plaaslike ingenieursfakulteite nie 'n besonder hoë aansien op navorsingsgebied nie. Die Departement het 'n goeie navorsingsrekord; die navorsingsgroep op Elektromagnetisme het internasionale bekendheid verwerf deur sy publikasies, en word as sentrum van uitnemendheid deur die Stigting vir Navorsingsontwikkeling (SNO) geïdentifiseer. Die Departement se navorsingsopbrengs is egter nie verteenwoordigend van sy potensiaal nie, en verskeie faktore dra hiertoe by.

Aansienlike ondersteuning vir navorsing is aan die suksesvolle navorser deur organisasies soos die SNO beskikbaar. Terwyl hierdie fondse beskikbaar is vir onder andere lopende uitgawes, materiaal, beurse en salarisse, is daar geen vorm van direkte ondersteuning vir die navorser self nie. In effek word die goeie navorser gepenaliseer, omdat persone wat nie navorsing doen nie, meer tyd het om te spandeer aan projekwerk of konsultasie teen vergoeding. Die suksesvolle navorser het boonop ook nog aansienlike administratiewe verantwoordelikhede vir die besteding en bestuur van sy navorsingsprojekte.

Waarskynlik is daar baie publiseerbare materiaal wat uit projekwerk voortspuit. Daar is egter geen finansiële aansporing om hierdie aktiwiteit na te jaag



nie; die direkte voordele van publikasie is, soos baie akademiese aspekte, nie in die nie-akademiese wêreld verhandelbaar nie, en die resultaat is 'n algemene gebrek aan belangstelling. Daar is vanweë die stelsel te veel navorsers wat sê, "Ek kyk na .." en nooit verslag doen van wat hulle doen nie.

Een van die belangrikste gevolge van 'n gebrek aan navorsing is dat daar 'n tekort aan jong mense met sterre in hul oë is, wat bereid is om met minder klaar te kom. Hierdie tipe van individu word net gekweek deur kontak met suksesvolle navorsers wat vir hulle 'n voorbeeld skep.

## Professie

Tevore is aangedui dat 'n professionele aktiwiteit sekere bepaalde voordele vir die dosent sowel as die student kan inhou, en ekonomiese realiteite dra daartoe by om te verseker dat die dosent kontak met die professie behou.

In die geval van UP se Departement Elektroniese en Rekenaaringenieurswese doen die meeste van die personeel raadgewende en projekwerk deur die LGI. LGI verskaf sekretariële, administratiewe en bestuursdienste, asook die uiters belangrike finansiële ondersteuning van beide (deeltydse) konsultante sowel as voltijdse personeel. Behalwe vir die bydrae wat die organisasie tot sy eie voordeel lewer, word daar twee addisionele sekretarisseposte voorsien wat 'n aansienlike deel van hul tyd aan akademiese werk wy. Sonder hierdie ondersteuning sou die ordelike bedryf van 'n departement moeilik wees. LGI finansier ook oorsese reise vir dosente, en beurse aan nagraadse studente, ten bedrae van sowat R600 000 in totaal.

Een van die aktiwiteite wat daartoe bygedra het dat die Elektromagnetiese-groep bekendheid verwerf het is die feit dat reeds vir die laaste vier jaar, die dosente vergesel is deur hul studente op oorsese reise om referate by simposia te lewer; hierdie studente was deel van die navorsingsprogram en het self referate gelewer. Sonder LGI se bydrae tot die beskikbare Universiteits- en SNO-fondse sou die omvang van hierdie aktiwiteit baie klein gewees het.

Die huidige personeelsterkte sluit 15 professore of medeprofessore in. Van hulle is 8 Lektorate en Senior Lektorate wat deur ondersteuning van die LGI en sy voorganger, Barlow-Lab, na professorate en medeprofessorate opgradeer word.

Die apparaat wat deur die aktiwiteite van die LGI beskikbaar geword het vir nagraadse opleiding en navorsing plaas die Universiteit van Pretoria in 'n unieke posisie; van die fasiliteite is nie alleen die beste in die land nie, maar ook die enigste. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die kompakte antennemeetbaan wat tans deur die universiteit ontwikkel word.

Die doserende personeel maak hoofsaaklik van ontwikkelingsprojekte gebruik om hul inkomste aan te vul; sulke projekte is baie lonend, maar is produkgerig, en die eindresultaat is in baie gevalle nie publiseerbaar nie. Hierdie aktiwiteit is nie 'n plaasvervanger vir navorsing nie, alhoewel dit moontlik is om deur selfdissipline slegs dié projekte te aanvaar wat moontlik 'n groot navor-



singskomponent het. 'n Oormaat van projekwerk in teenstelling met navorsing kan egter daartoe lei dat 'n departement sy akademiese geloofwaardigheid verloor.

'n Hoë persentasie van die projekte wat deur dosente in die Departement onderneem word, is werk wat aan die voorpunt van 'n vakgebied staan. Dit gebeur van tyd tot tyd dat 'n ander moontlike toepassing hom voordoen, maar hierdie idee word nie ondersoek nie vanweë enersyds die druk (tereg) om 'n bepaalde projek op skedule te voltooi, en vanweë die afwesigheid andersyds van 'n aansporing om so 'n stuk werk tot 'n publikasie te verwerk. Die resultaat is dat die kundigheid binne die Departement nie bekend word nie.

#### **IV. UITDAGING**

Dit sou onverantwoordelik wees om nie 'n mikpunt vir die oplossing van die probleme hierbo gestel te probeer vind nie.

##### **Opleiding**

Om studente te help om die regte gesindheid teenoor hul studies en die regte studiemetodes aan te kweek, moet die student op die regte manier opgelei word. Dit reflekteer nie op die materiaal en samestelling in 'n kursus soseer as op die benadering tot aanbieding nie. Hy moet studeer om die materiaal te vers- taan eerder as om die eksamen te probeer slaag. Hierdie doelwit kan bereik word op dieselfde manier as waarop studente tans hul "verkeerde" studie- gewoontes aanleer.

Studiemateriaal moet uiters versigtig deurgewerk word om te verseker dat die element van redenasie ingesluit word, en die student moet van die eerste dag af leer dat die metode van leer deur te "kyk" hoe 'n voorbeeld opgelos moet word, nie sal werk nie. In probleemoplossing is een van die belangrikste elemente om eers 'n slag self te probeer, tot die besef te kom van jou eie onver- moë en onkunde, en daaruit in staat te wees om die regte vrae te vra.

Die gewenste metode van onderrig is opgelegde take wat aan die student toon presies wat hy weet en wat nie, en hom stimuleer om vrae te vra; en hy moet weet dat net soos wat leer in die ou stelsel noodsaaklik was, is vrae vra in die nuwe stelsel noodsaaklik. Een van die anomalieë van ingenieursopleiding is dat die dosente hulle daarop roem dat hulle mense oplei wat in die praktyk met te min informasie die regte besluite kan neem, terwyl ons nooit in eksamens te min gegewens gee nie.

Dit is 'n aanduiding dat hierdie aspek van ons opleiding glad te min aandag geniet, dit wil sê die stel van probleme waarin die student goeie ingenieursoor- deel aan die dag moet lê. Beide studente en owerhede vereis dat die dosent by die eksamen teenwoordig moet wees, in geval daar dalk fout met die vraestel mag wees, miskien 'n stukkie informasie wat kort(?). Dit laat mens dink dat daar-



die deel van die ingenieur se vermoë miskien in die praktyk eerder as by die akademie aangeleer word.

Om te verseker dat die regte groep studente ingeneem word, is keuring nodig. Twee probleme moet aangespreek word, naamlik die hoë saksyfer onder eerstejaars, sowel as die feit dat daar steeds 'n groot aantal studente sak in later jare. Dit is duidelik dat enige vorm van keuring gebaseer op skoolprestasie, in die eerstejaar 'n redelike groot mate van onakkuraatheid moet hê vanweë die groot verskille in standaard van opleiding van een skool en provinsie na die ander. Verder is dit lank nie 'n uitgemaakte saak dat iemand met sewe onderskeidings in matriek, al die ander, moontlik baie belangrike eienskappe het wat nodig is om 'n suksesvolle ingenieur te wees nie. In 'n ondersoek na die redes hoekom vroulike ingenieurs die professie verlaat, noem die IEEE,

“But some evidence indicates innate factors as well. Studies of personality types show that fewer women than men evince introversion, an analytical outlook, and other characteristics that predominate in most people who stay with engineering”

Hierdie stelling word nie verdedig nie; die vraag word bloot gevra of genoeg ondersoek gedoen is en of genoeg van hierdie gegewens bekend is om te verhoed dat veral party van die hoogs begaafdes nie hulle tyd en die land se geld met die verkeerde dissipline mors nie.

Keuring op die basis van absolute prestasie, veral op skoolvlak, skakel nie die ongemotiveerde student uit nie, aangesien die keuringsproses nie ingestel is om motivering te toets nie; as sulks kan dit ook niks positief bydra tot die daaropvolgende prestasie van die student nie. Inteendeel: dit kan neig om die student te sus in die denke, “ek is een van die bestes, en hoef my nie te veel te bekommer nie”

Keuring op grond van getalle deur toelating van 'n vaste aantal van die beste presteerders, na die eerste semester of aan die einde van die eerstejaar, beteken dat die kompetisie vir die beskikbare plekke die regte gesindheid teenoor akademiese werk sal skep vanaf die eerste dag van die semester. Hierdie gesindheid is hopelik na 'n jaar 'n gewoonte wat nie gou afgeleer word nie. Diegene wat nie hierna toelating verkry nie, kan oorsakel na 'n ander kursus, 'n ander universiteit of byv. na tegniese opleiding, of weer probeer.

Die tekort aan ingenieurs bly steeds 'n probleem. 'n Konvensionele benadering sou die aantal opleidingsinstansies vermeerder, maar gesien na die huidige metode en vlak van befondsing is dit onwaarskynlik dat so 'n poging sou werk. In professionele kringe is daar in die onlangse verlede heelwat bespreking gevoer oor die wenslikheid al dan nie van 'n Suid-Afrikaanse Instituut vir Tegnologie, wat 'n tegniese Universiteit sou wees, wat die hele spektrum van “tegniese opleiding” sou aanbied, insluitend die opleiding van alle tegnisi, tegnoloë en ingenieurs onder een dak.

Van die gestelde voordele sou wees dat daar 'n kontinuum van opleiding wat strek vanaf 'n driesemester-tegnikuskursus tot 'n agtsemester-ingenieurs-



kursus aangebied sou word. Hier word ook onder andere gepraat van saamgestelde kursusse waarin daar alternatiewe praktiese opleiding en kursusse gedoen word. Ek wil herhaal dat die ingenieuropleiding wat universiteite bied, nie as 'n tegniese nie maar as 'n akademiese opleiding gesien moet word, en dat daar algehele verskille in benadering is tussen die akademiese en tegniese. Om hulle te probeer saamvoeg in een inrigting sal die verkeerde kultuur by albei die rigtings beteken.

Wat van die produk wat die Universiteit lewer? Een van die oorsake van 'n tekort is dat daar dikwels ook verkeerde aanwending is van wat wel beskikbaar is. Of is wat beskikbaar is nie miskien oorgespesifiseer (te hoog gekwalifiseer) nie? Daar is sekerlik 'n groot verskeidenheid van poste en funksies waarvoor die vierjarige ingenieursgraduand wel ooropgelei is, dws die werkgewer probeer om 'n te groot spektrum van behoeftes met een produk te dek, waarskynlik omdat daar nie ander aanvaarbare alternatiewe beskikbaar is nie.

Wanneer die werklike behoefte ontleed word, mag ons vind dat daar 'n verskeidenheid van poste is waar daar min of geen ontwerpvaardigheid benodig word nie. Dit sluit in 'n groot aantal gegradueerdes in wat betrokke is by verskeie aspekte van instandhouding, aankope, verkope, projekbestuur, ens. In sulke poste word aan die ander kant nie tegnisi of tegnoloeë benodig nie, maar eerder toegepaste wetenskaplikes; mense wat dieselfde basiese agtergrond as ingenieurs het, wat ook die essensie van probleemstelling geleer het, maar wat nie noodwendig die spesifieke oplossings moet formuleer en deurvoer nie.

Die opleiding van persone met 'n driejarige graad in toegepaste wetenskap (B.A.Sc.) sou dit moontlik maak vir die groot aantal studente wat nog tussen die tweede en vierde jaargange van die normale B.Ing.-graad verlore gaan om nuttig, en met 'n universiteitsgraad, aangewend te word. So 'n opleiding sou die gegradueerde in staat stel om met redelike gemak in 'n beperkte vakgebied te spesialiseer, welke spesialisasie direk gemik sal wees op sy werkgewer op daardie oomblik. Hy sou nie kon registreer as 'n ingenieur-in-opleiding nie.

Die kursus in toegepaste wetenskap sou vir die eerste twee jaar identies aan die konvensionele kursus wees. Dit sou nie 'n skripsie insluit nie, en die vakinhoud in die derde jaargang sou vereenvoudig wees. Spesifieke gevalle sou insluit dat byvoorbeeld die teoretiese herleiding van sekere resultate aangedui word, maar nie behandel word nie. Daar sal dus in die derdejaar 'n klemverskuiwing moet wees in die rigting van toepassings van beginsels in stelsels eerder as detailkennis van teorie en die ontwerp van komponente of substelsels.

Praktiese oorwegings sluit in dat, indien 'n student nie seker is of hy die driejarige of die vierjarige kursus so volg nie, die keuse aan die einde van die tweede jaargang gemaak sou kon word. Indien die student egter reeds aan die einde van die eerstejaar weet dat hy die driejarige kursus wil doen, sou dit moontlik wees om ook kursusse uit ander departemente aan te bied om 'n volledige kursus saam te stel. Indien so 'n persoon by 'n latere geleentheid sou besluit om



hom as ingenieur te kwalifiseer, sou 'n volle twee jaar op universiteit nodig wees. Sulke persone sou ook kwalifiseer om nagraads in Besigheidsadministrasie te studeer, 'n posisie waarin 'n baie groot aantal jong ingenieurs hulle in elk geval na net 'n paar jaar in die praktyk bevind.

## **Personeel**

Om te verseker dat die personeel die beste moontlike diens lewer, moet daar aan drie elemente aandag gegee word. Net die beste individue moet aangestel word, hulle moet genoeg betaal word om hulle te trek en te hou, en die stelsel moet verseker dat hulle gestimuleer word om die regte ding te doen (klasgee, navorsing en profesie).

Ten spyte van die druk om te probeer om poste te vul wanneer hulle beskikbaar is, sodat die werkklas verlig en versprei kan word, mag net die beste dosente en navorsers aangestel word. Onder geen omstandighede mag iemand as dosent aangestel word "omdat daar niemand anders beskikbaar is nie"

